| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA & R 91/03**

Datum verhoor: / Date heard: **1/9/03**
Datum gelewer: / Date delivered: **8/9/03**

In die appél van:

**GROBLER, J** **Appellant**

teen

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Olivier WnR*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Landdroshof, Hopetown, skuldig bevind aan ‘n oortreding van art 29 (1)(m) van die Wet op Wapens en Ammunisie, nr 75 van 1969 (die Wet), deurdat hy ‘n vuurwapen – synde ‘n 9mm pistool – hanteer het terwyl hy onder die invloed van alkoholiese drank was; en is gevonnis tot betaling van ‘n boete van R4 000.00. Daarbenewens is geen

bevel gemaak kragtens die voorskrifte van art 12 (1) van die Wet nie, en wat tot gevolg gehad het dat die appellant geag was onbevoeg te wees om ‘n vuurwapen te besit. Die tersaaklike vuurwapen van die appellant is ook kragtens die voorskrifte van art 39 (3)(a) van die Wet aan die Staat verbeurd verklaar.

2] Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy voormelde skuldigbevinding en vonnis.

3] Dit was gemeensaak tussen die Staat en die verdediging

[3.1] dat die appellant die tersaaklike vuurwapen gedurende die vroeë middernagtelike ure van 6 Oktober 2002 in die omgewing van ‘n bankoutomaat in ‘n openbare straat in Hopetown in die teenwoordigheid van die drie staatsgetuies by name Desmond Botha, June Paulus en Deon Matoza hanteer het;

[3.2] dat hy die regmatige eienaar van daardie wapen, te wete ‘n 9mm pistool, was; en

[3.3] dat, terwyl die appellant die vuurwapen aldus hanteer het, hy onder die invloed van sterk drank was.

4] Wat in geskil is, is of die appellant die wapen wederegtelik hanteer het.

[4.1] Die Staat se weergawe is dat die voormelde drie getuies en nog twee van hul vriende die nag na die bank is sodat een van hulle geld by

die outomaat kon trek. Nadat die persoon, ene Thomas Hoogstander, geld getrek het en terwyl die res in die voertuig waarmee hulle na die bank gery het, gewag het, het die appellant met sy voertuig reg voor hulle voertuig stilgehou. Hy het uitgeklim en aan Desmond Botha gevra wie hy is. Nadat Botha vir hom gesê het dit het niks met hom te doen nie, het die appellant sy vuurwapen te voorskyn gehaal en die persone gelas om uit die voertuig te klim. Nadat hulle uitgeklim het, en nadat die appellant die bier wat Botha in sy hand gehad het, uitgegooi het, het Deon Matoza gesê dat hulle na die polisie moes gaan klaarblyklik omdat hy nie gediend was met die appellant se aanmatigende gedrag nie. Hierop het die appellant sy vuurwapen teruggeplaas in sy rewolwersak. Botha en die res van hul groep is toe na die polisie gevolg deur die appellant. Daar het hulle ‘n klag teen die appellant gelê.

[4.2] Die appellant beweer dat hy ook die nag geld by die bankoutomaat wou onttrek. Nadat hy uit sy voertuig geklim het en oppad was om geld te trek, het hy besef dat hy nie sy bankkaart by hom gehad het nie. Oppad na sy voertuig het vier mans, synde die klaers, op hom afgestap gekom. Ten spyte daarvan dat hy gevra het wat hulle wou hê, het hulle hom nie geantwoord nie, maar steeds woordeloos op hom afgestap gekom. Omdat hy bedreig gevoel het, het hy sy vuurwapen uitgehaal en gespan. Sonder dat hy die vuurwapen op hulle gerig het, het die persone omgedraai, in hul voertuig geklim en weggery. Hy het sy wapen te voorskyn gehaal omdat hy bevrees was en ten einde ‘n aanval op hom af te weer.

5] Die Landdros het die weergawe van die staatsgetuies aanvaar, die van die appellant verwerp, en hom skuldig bevind daaraan dat hy 'n vuurwapen onder die invloed van drank hanteer het.

6] Mnr van Heerden, wat namens die appellant verskyn het, het betoog dat die Landdros fouteer het deur die getuienis van die voormelde drie staatsgetuies te aanvaar. Hy voer aan dat, weens 'n veeltal weersprekinge in hul getuienis, die Landdros hul weergawe van die gebeure moes verwerp het, en die van die appellant as redelik moontlik waar moes aanvaar het.

7] Mnr van Heerden is korrek in sy betoog naamlik dat daar weersprekinge in die getuienis van die voormelde drie getuies voorkom ten aansien van die gebeure wat voor die bank sou plaasgevind het. Na my mening is hierdie weersprekinge verstaanbaar waar persone in retrospeksie 'n toneel en gebeure beskryf wat onverwags en in 'n kort tydsbestek plaasvind soos in hierdie geval. Ek meen die Landdros was korrek in sy opmerking naamlik dat hy skepties sou wees indien al die getuies se weergawes presies sou ooreenkom.

Die getuie June Paulus het duidelik nie die waarheid gepraat toe sy ontken het dat van die mans in die voertuig drank gedrink het nie. Die feit dat sy oneerlik was hieraangaande het egter nie noodwendig tot gevolg dat die res van haar getuienis as leuenagtig verwerp moet word nie. Dieselfde geld ten aansien van Botha wat nie getuig het dat die appellant sy drank uitgegooi het soos Matoza getuig het nie.

In die wesenlike opsigte staaf die getuies egter mekaar, en dit is dat die appellant

voor hul voertuig stilgehou het, uitgeklim het, aan Botha gevra het wie hy is, sy vuurwapen te voorskyn gehaal het, en hulle gelas het om uit die voertuig te klim. Ook staaf hierdie getuies mekaar ten aansien van die gebeure in die polisiekantoor kort na die voorval.

Die getuies het hulself nie weerspreek nie, en die Landdros het geen negatiewe indruk gevorm aangaande die wyse waarop hulle hul getuienis afgelê het nie.

8] Wanneer die getuienis in die geheel beoordeel word, moet ook die waarskynlikhede oorweeg word.

[8.1] Indien die weergawe van die appellant ten aansien van die gebeure by die bank korrek sou wees, vind ek dit totaal onwaarskynlik dat die klaers, nadat hulle die appellant sou bedreig deur berekend in ‘n groep op hom af te stap, na die polisie sou ry nadat hulle die aftog geblaas het. Hierdie optrede strook eenvoudig nie met die van persone wat met klaarblyklike wederregtelike opset die appellant genader het nie.

Daarteenoor is hul gedrag volkome versoenbaar met die van persone wat ongevraag en goedsmoeds deur ‘n beskonke persoon met ‘n vuurwapen gekonfronteer is, en soos deur hulle getuig.

[8.2] Die appellant beweer dat hy, nadat die ander persone die toneel verlaat het, na die polisiestasie is om ‘n klag teen die klaers te lê. Daar aangekom, gaan hy nie self die polisiestasie binne nie, maar word ingeneem deur ‘n polisiebeampte wat hom in sy voertuig voor die polisiestasie aantref.

Hoewel die appellant getuig dat hy nie die nag ‘n geleentheid gegun is om ‘n klag teen die klaers te lê nie omdat die polisie nie ‘n verklaring van hom wou neem terwyl hy onder die invloed van drank was nie, lê hy ook die volgende dag geen klagte nie. Inteendeel, op die navraag van die polisiebeampte wat hy voornemens is om te doen, vra hy verskoning en verklaar dat hy nie weet wat daar gebeur het nie.

Hierdie gedrag van die appellant is myns insiens geensins versoenbaar met die van ‘n persoon wat ‘n klagte by die polisie wou gaan lê omdat hy bedreig was nie. Dit kom my eerder voor dat hy agter die klaers na die polisie is, soos deur hulle getuig, omdat hy besef het dat daar ‘n klag teen hom gelê sou word en hy homself wou verdedig.

9] Vervolgens is ek van mening dat die Landdros tereg die getuienis van die staatsgetuies aangaande die gebeure aanvaar het, en die van die appellant as nie redelik moontlik waar verwerp het.

Die appél teen skuldigbevinding kan dus nie slaag nie.

10] Wat betref die vonnis die appellant opgelê, blyk dit dat die Landdros aan die beskuldigde die maksimum boetevonnis van R4 000.00 soos voorgeskryf in art 39(2)(d) van die Wet opgelê het. Daarbenewens is die appellant effektiewelik onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit, en is die wapen aan die Staat verbeurd verklaar.

[10.1] Mnr de Nysschen het myns insiens tereg betoog dat hierdie tipe oortreding uiters ernstig van aard is, en dikwels tot gevolg

het dat onskuldige mense beseer en selfs gedood word as gevolg van die roekelose hantering van ‘n vuurwapen deur beskonkenes. Hy is heeltemal korrek as hy aanvoer dat sake dikwels in hierdie Afdeling dien waar persone beseer of selfs gedood word as gevolg van die roekelose hantering van vuurwapens deur persone onder die invloed van drank.

[10.2] Indien in ag geneem word dat die appellant totaal ongevraagd en sonder uitlokking of regverdiging sy vuurwapen met ooglopende grootdoenigheid daardie nag hanteer het, verdien hy ‘n swaar vonnis. Te meer so indien verder in ag geneem word dat hy onder die invloed van drank was en boonop in die teenwoordigheid van die klaers sy wapen gespan het.

[10.3] Met inagneming van die voorgaande vind ek die oplegging van die maksimum voorgeskrewe boetevonnis van R4 000.00 geensins onvanpas nie. Die boodskap moet uitgaan van die kant van die howe dat hierdie tipe oortreding met erns bejeën word en dat persone wat hulle aan hierdie tipe gedrag skuldig maak, swaar gestraf sal word.

11] Ek is egter van mening dat die Landdros ‘n mistasting begaan het deurdat hy versuim het om tersaaklike faktore en omstandighede te oorweeg met betrekking tot die vraag naamlik of die appellant onbevoeg verklaar moes word om ‘n vuurwapen te besit en of die vuurwapen aan die Staat verbeurd verklaar moes gewees het.

[11.1] Al wat die Landdros hieraangaande gesê het, is die volgende:

> "Wat betref u bevoegdheid om 'n vuurwapen te bly besit of te bekom soos u Regsverteenwoordiger betoog het, het die Hof daarna geluister asook na die wat die aanklaer gesê het. Die Hof is van oordeel dat in die lig van die saak wat voor die Hof is dat die Hof u nie nou 'n ander bevel sal maak op die stadium nie en voel die Hof dat u nie 'n bevoegde persoon is om 'n vuurwapen te bly besit of te bekom of te besit nie."

Die Landdros het geen aanduiding gegee watter faktore hy hieraangaande in aanmerking geneem het nie, en dit blyk ook nie of hy behoorlik aandag aan tersaaklike faktore hieraangaande gegee het nie. Dit blyk ook nie of die Landdros oorweging of dan behoorlike oorweging aan enige van die faktore soos uiteengesit in **S v Phuroe** en agt ander soortgelyke sake, **1991(2) SASV 384 (NK) te 387 a tot d** gegee het nie. Wat daardie faktore is, is as volg in die voormelde beslissing verwoord:

> *"Die oorwegings wat sal geld ten opsigte van die besluit of daar 'anders gelas' moet word kan nie omvattend uitgestip word nie, aangesien elke saak op sy eie meriete beoordeel sal moet word, maar dit wil ons voorkom dat die volgende oorwegings, onder andere, sal geld:*

*(1) die beskuldigde se ouderdom en persoonlike agtergrond;*
*(2) die aard van sy vorige veroordelings of die afwesigheid daarvan;*

*(3) die aard en erns van die misdaad waaraan hy skuldig bevind is, en of 'n vuurwapen tydens die pleging daarvan gebruik is;*

*(4) of hy 'n gelisensieerde vuurwapen besit, want indien hy een het, en nog geen misdrywe waarby die gebruik daarvan betrokke was gepleeg het nie, kan dit 'n aanduiding wees dat hy nie onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit nie;*

*(5) of dit in die belang van die gemeenskap is dat hy onbevoeg verklaar word om 'n wapen te besit weens die feit dat hy 'n potensiële gevaar vir die samelewing is."*

Vervolgens staan dit ons vry om daardie diskresie wat die verhoorhof moes uitgeoefen het kragtens artikels 12(1) en 39(3)(a) van die Wet van nuuts af te oorweeg en uit te oefen.

[11.2] Die appellant was 29 jaar oud ten tye van die pleeg van die misdryf. Hy het matriek op skool voltooi, en 'n na-skoolse internasionale diploma in bemarking verwerf. Ten tye van die voorval het hy by 'n koöperasie gewerk waar hy 'n netto inkomste van R8 000.00 per maand verdien het.

Dit blyk verder dat die Landdros aanvaar het dat die appellant uit die aard van sy werk baie op pad tussen plase beweeg, en dat hy ook op 'n plaas sou gaan woon het.

Die voormelde omstandighede is myns insiens aanduidend daarvan dat die appellant 'n vuurwapen benodig vir sy eie veiligheid.

[11.3] Voorts blyk dit dat die appellant geen vorige veroordelings onder die Wet of andersins gehad het nie. Dit is aanduidend daarvan dat hy minstens tot en met die onderhawige oortreding nie 'n vuurwapen op 'n roekelose of nalatige of onverantwoordelike wyse

hanteer het nie.

[11.4] Die appellant het oor die nodige lisensie beskik om die wapen te besit. Dit is aanduidend daarvan dat hy nie onbevoeg bevind was om ‘n vuurwapen te besit nie.

[11.5] Wanneer die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is in oënskou geneem word, blyk dit dat – soos deur die Landdros bevind – die wapen nie op ‘n ander gerig was nie; die wapen nie afgevuur was nie; die appellant hom op ‘n stadium bedink het en die wapen weggesit het; en niemand beseer is as gevolg van die wyse waarop die appellant die wapen hanteer het nie.

Trouens, soos hierbo aangemerk, wil dit voorkom dat die appellant op die ingewing van die oomblik, en waarskynlik weens die invloed van drank, met grootdoenerige bravade sy gewig probeer rondgooi het met die klaers. Hier is geen sprake van ‘n voorafbeplande optrede aan die kant van die appellant nie.

[11.6] Laastens is daar niks wat daarop dui dat die appellant in die toekoms ‘n gevaar vir die gemeenskap sal inhou indien hy toegelaat sou word om sy vuurwapen te behou nie. Hierdie geïsoleerde voorval is myns insiens nie aanduidend van ‘n toekomstige potensiële gemeenskapsgevaar nie. Daar is niks wat daarop dui dat die appellant sy voormelde onbesonne optrede sal herhaal nie. Ek is van mening dat die stywe boete soos opgelê, voldoende straf is vir die oortreding aldus gepleeg.

12] Met inagneming van die voorgaande meen ek nie dat die appellant onbevoeg verklaar moes gewees het om ‘n vuurwapen te besit nie, en ook nie dat sy vuurwapen aan die Staat verbeurd verklaar moes gewees het nie.

13] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

**i] DIE APPÉL TEEN DIE SKULDIGBEVINDING WORD VAN DIE HAND GEWYS.**

**ii] DIE APPÉL TEEN DIE VONNIS DIE APPELLANT OPGELÊ, SLAAG, EN DIE VONNIS SOOS OPGELÊ DEUR DIE VERHOORHOF WORD TER SYDE GESTEL EN VERVANG MET DIE VOLGENDE:**

**[i.i] ‘N BOETE VAN R4 000.00 OF 12 (TWAALF) MAANDE GEVANGENISSTRAF.**

**[ii.ii] INGEVOLGE DIE VOORSKRIFTE VAN ART 12(1) VAN WET 75 VAN 1969 WORD VERKLAAR DAT DIE BESKULDIGDE NIE ONBEVOEG IS OM ‘N VUURWAPEN TE BESIT NIE.**

**[ii.iii] DIE VERGUNNING DEUR DIE LANDDROS VERLEEN VIR DIE BETALING VAN DIE BOETE IN PAAIEMENTE BLY STEEDS VAN KRAG.**

___________________________

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam, en dit word so gelas.

___________________________

CJ Olivier
**WAARNEMENDE REGTER**

***Namens die appellant:*** *Adv CF van Heerden*
***Namens die respondent:*** *Adv JM de Nysschen*